SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 28 FEBRUARIE 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

TWEE KOMPETISIES VOLGENDE NAWEEK

MVV TUSSEN DIE SARL EN DIE RADIO VERENIGING VAN KENIA

en

DIE 23 CM-BAND IN DIE KOLLIG MET DIE OWERHEDE

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Die Nuusspan verwelkom Christo de Witt, ZS3CDW en Hannes Enslin, ZS6JDE, hulle sal die Afrikaanse bulletins opneem.

TWEE KOMPETISIES VOLGENDE NAWEEK

Reël 1.5 van die Algemene Kompetisie Reëls bepaal dat Klubs wat kompetisies aanbied, die kompetisie via SARL News moet adverteer. Ongelukkig is niks van die Klubs ontvang nie.

Maandag 8 Maart is Internasionale Vrouedag en om die dag te vier, is die SARL JD Naelloop van 12:00 tot 13:00 UTC (14:00 tot 15:00 SAT) op Saterdag 6 Maart 2021 op die lug. Dit is 'n GG en foon naelloop op die 40 meter band met die uitruil van 'n RS(T) verslag en JD of OM. Neem kennis dat die QSY-reëls vir Naellope van toepassing is. Dien jou logboek in teen 23:59 SAT op Donderdag 11 Maart 2021 per e-pos na zs3vdk@webmail.co.za. Die reëls is op bladsy 70 van die 2021 Blouboek.

Die gewilde SARL HAMNET 40 m Gesimuleerde Nood kompetisie duur van 12:00 tot 14:00 UTC (14:00 tot 16:00 SAT) op Sondag 7 Maart 2021 en is oop vir radio amateurs uit Suider-Afrikaanse lande. Daar is vier klasse van deelname en die uitruiling hang af van die klas waarin jy deelneem. Maak dit 'n Klub Veldstasie met 'n bring en braai! Handig jou logstaat in teen 23:59 SAT op Vrydag 12 Maart 2021 per e-pos aan contest@peham.co.za. Kry al die inligting op bladsy 93 van die 2021 Blouboek.

DIE MAART 2021 RADIO ZS BESKIKBAAR VIR AFLAAI

Hoe kan jou klub R200 wen? Blaai na bladsy 34 en lees meer oor die Klub Uitdaging. Verder kyk ons na Wêreld Radio Dag, die ITU-radioregulasies en die IARU-posisies oor WRC-23 agendapunte. Die SARL-toekennings en trofeë vir 2020 is op bladsy 29 en Eddie, ZS6BNE vra of jy 'n radio fluisteraar is? Louw, ZS6LME gee ons terugvoer oor probleme met elektriese heinings en ook die verkoop van onwettige radiotoerusting.

Die druk van jou eie antenna-onderdele verskyn in hierdie uitgawe met Matthew, ZS6MDV wat sy nie so lelike smoorspoel vir die MFJ G5RV wys, terwyl Al Williams vertel van die druk van 'n quadrafilar antenne en 'n end-voed antenna oprol houer. Ons kyk na die veelsydige end-voed antenna en die lang draad-antenna, ook twee selfdoen batterykaste en in die Museumstuk kyk ons na radio's uit die Tweede Wêreldoorlog. En daar is meer in hierdie uitgawe van 104 bladsye.

MVV TUSSEN DIE SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA EN DIE RADIO VERENGING VAN KENIA

Die Radio Vereniging van Kenia (RSK) het die Suid-Afrikaanse Radioliga (SARL) ongeveer ses maande gelede genader en na suksesvolle besprekings is 'n formele Memorandum van Verstandhouding (MvV) gedurende Februarie 2021 onderteken met volledige goedkeuring van die Reguleerder - die Kommunikasie-owerheid van Kenia (CAK).

Die SARL sal RSK help met die Radio Amateur Eksamen en die tegniese aspek van die eksamen namens hulle administreer. Die RSK sal self regulasies en bedienings prosedures toepas. Die SARL sal help met die nodige 'Train the Trainer' kursusse; die opleidings handleidings en aanbiedings materiaal, sowel as aanlyn-sessies om suksesvolle opleidingskursusse in Kenia te bied.

David Mutonga, 5Z4DJ Voorsitter van RSK en sekretaris Gitonga M'Mbijjewe, 5Z4ZT het saam met Noel Hammond, ZR6DX, die SARL RAE-bestuurder, Gerhard Gericke, ZS6CRS adjunk RAE-bestuurder en SARL-president Nico van Rensburg, ZS6QL in 'n aanlyn-vergadering vandeesweek besluit om die bespreking af te sluit verwerk en begin met die samewerkings proses. Die SARL sien daarna uit om saam met die RSK Amateur Radio in Kenia te laat groei.

Jy luister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE 23 CM-BAND IN DIE KOLLIG MET DIE OWERHEDE

Die Voorsitter van IARU Streek 1 Spektrum-sake, Barry Lewis, G4SJH, berig oor die vergadering van die ITU-R-werkgroep 4C (WP4C) wat tussen 15 en 19 Februarie plaasgevind het, waarin die amateur radio-toekenning op 1 240 - 1 300 MHz bespreek is.

Gedurende week 15 tot 19 Februarie is die voorbereidingswerk vir WRC-23 Agendapunt 9.1b voortgesit in ITU-R Werkgroep 4C (WP4C). Die WRC-agendapunt

het tegniese studies oor die saambestaan tussen die radio navigasie satelliet diens (RNSS) en die amateur dienste in die 23 cm band begin. Soos gewoonlik het die IARU aan die vergadering deelgeneem en belangrike inligting oor amateur aktiwiteite in hierdie belangrike mikrogolf band gelewer. Hierdie inligting is noodsaaklik om te verseker dat die amateur dienste realisties in die studies verteenwoordig word namate hulle voortgaan.

Dit is noodsaaklik dat Nasionale Amateur gemeenskappe op 'n gekonsolideerde en konsekwente wyse hul mening oor die belangrikheid van hierdie band aan hul Nasionale Reguleerders moet voorlê. Om hiermee te help ontwikkel die IARU Streek 1 ondersteunende materiaal waarna Lid Verenigings kan verwys as hulle die onderwerp met hul Nasionale Reguleerder bespreek. Die werk oor hierdie onderwerp sal gedurende die jaar en daarna voortgesit word, sowel in ITU-R as in die streeks telekommunikasie-organisasies en die IARU is daartoe verbind om te verseker dat elke organisasie die amateur posisie in hierdie belangrike mikrogolf band verstaan.

QSO VANDAG VIRTUELE EKSPO OP 13 EN 14 MAART

Die vinnig naderende QSO Today Virtuele Amateur Ekspo wat op 13 en 14 Maart gehou word, sal nog beter wees met meer as 80 sprekers, lewendige boustel sessies, paneelbesprekings en nog baie meer. Vroeë afslag kaartjies is nog beskikbaar en sluit in die Lewendige 2-dag periode plus die 30-dae-periode op aanvraag. Registrasie kan gevind word by www.qsotodayhamexpo.com.

Die ARRL sal 'n belangrike Ekspo-teenwoordigheid hê, met David Minster, NA2AA uitvoerende hoof van ARRL, wat die Hoofrede sal lewer op Saterdag 13 Maart. In sy hoofrede sal David sy entoesiasme vir die vordering van amateur radio deel en die huidige ARRL-inisiatiewe uitlig om hierdie huidige generasie amateurs te betrek en te inspireer. Sien meer op www.qsotodayhamexpo.com/speakers.html. Jy sal opmerk dat Eddie Leighton, ZS6BNE een van die sprekers is. Jy kan vanaf die gemak van jou huis deelneem sonder om 'n rand aan reis te spandeer! As jy dus nog nooit by 'n Hamfest was nie, kan jy aan die Expo deelneem en dieselfde voordele kry. Die platform simuleer 'n volledige konvensie-ervaring.

'N BESIGE NAWEEK OP 13 EN 14 MAART

Gedurende hierdie naweek kan jy die QSO Today Virtuele Ekspo bywoon en aan die 84ste RSGB Statebond-kompetisie deelneem - slegs GG. Dan kan jy en jou klub die SARL BHF/UHF Analoog-kompetisie en die SARL Nasionale Velddag kombineer en die buitelug geniet! Luister uit vir die Bloemfontein ARK, ZS4BFN. Meer inligting volgende Sondag.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar 'n enkele sonvlek sigbaar. Daar is 'n moontlikheid van geringe C-klas fakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van agt vir die week gebruik. Radio amateurs

kan veral smiddae goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

6 Maart - die SARL YD Naelloop

6 tot 7 Maart - die ARRL DX ESB-kompetisie

7 Maart - die SARL Hamnet 40 m-gesimuleerde nood kompetisie

8 Maart - Internasionale Vrouedag en die Wesrand vergadering

13 en 14 Maart - die SARL Nasionale Velddag; die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie, die RSGB Statebond-kompetisie en die QSO Today Virtuele Ekspo

16 Maart - die PEARS- en Grens ARK vergaderings

17 Maart - St Patricks Dag en die SARL 80 m Klub naelloop

20 Maart - Herfs-ewening om 11:37 SAT en die Magalies en Highway ARK vergaderings

21 Maart - Menseregtedag in Suid-Afrika en Onafhanklikheidsdag in Namibië

22 Maart - Openbare vakansiedag in Namibië en Suid-Afrika en Wêreldwaterdag

23 Maart - Wêreld-Meteorologiese dag

Ter afsluiting van ons bulletin, 'n samevatting van ons hoofnuus item

Die SARL YD Naelloop is op Saterdag 6 Maart op die lug en die SARL HAMNET 40 m Gesimuleerde Nood Kompetisie is op Sondag 7 Maart op die lug. Kry die reëls in die 2021 Blouboek en geniet dit.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.